Jaarverslag van Kunsvereniging Stellenbosch 2015/16

Annual report of the Arts Association Stellenbosch 2015/16

Die kunsvereniging het weereens ‘n besige jaar met ‘n suksesvolle program beleef.

Ledebyeenkomste is gehou waar daar interessante lesings deur kundige sprekers aangebied is en wat groot byval geniet het. Aanbieders was hoofsaaklik kunstenaars, maar soms ook kunsliefhebbers. Daar was altesaam 8 ledebyeenkomste (die onderwerpe hieronder word vermeld in die taal waarin dit aangebied is):

Daniel Louw	25 Feb 15	Icons Imaging the unseen
Ronel Geldenhuys	25 Maart 15	Origami
Keith Dietrich	22 April 15	Looking at Art/Reading Art
John Bauer	27 Mei 15	Ceramist – Exploring textures
Sam Pelliser	29 Julie 15	Kunstoer na Munchen – Een week, een stad
Andi Norton	26 Aug 15	Public Art in Stellenbosch from 2007 to 2015 and beyond
Bix Bezuidenhoud	28 Okt 15	Bloemhof kunsversameling by Bloemhof HMS
Huberte Rupert Gedenkpraatjie: Marietjie Pauw	25 Nov 15	Woord en Klank

Een van die hoogtepunte van die ledebyeenkomste was weer die jaarlikse Huberte Rupert Gedenklesing wat in die Rupert Museum aangebied is. Marietjie Pauw (fluit) en Garth Erasmus (BLIK’nSNAAR) het ‘n aanbieding in klank gedoen. Die onthaal wat die lesing vooraf gegaan het, was met die gewone Rupert gasvryheid en styl gedoen. Ons dank gaan aan hulle.

Twee kursusse is aangebied, nl ‘n Origami werkswinkel deur Ronel Geldenhuys in Augustus 2015, gevolg deur meestersklasse aangebied deur Tanvi Pathare. Laasgenoemde werkswinkels in skilderkuns was in die buitelig aangebied. Die Kunsvereniging het ‘n student geborg vir Tanvi se werkswinkel – Jan-Hendrik Lotz. Tanvi Pathare is ‘n lektor van Florence Art Academy.

Die Uitreikprogramme van die Kunsvereniging, in samewerking met Crafts Alive, gaan voort met werksaamhede en werkskeppingsgeleenthede in die Idas Valley- gemeenskap met die linosnee-projek en die maak en verkoop van Trots Stellenbosch handgemaakte produkte. Daar is ook saam met die E’Bos Fees `n uitstalling gehou van die produkte uit hierdie werksgroepe.

On 26 November 2015 members of the Arts Association visited the Dylan Lewis foundry and farm in Paradyskloof. Dylan took members on a tour of his amazing sculpture garden and studio at Mulberry Farm.

Holiday workshops for children (10 – 14 years) were presented during the winter school holidays from 7 - 9 July 2015 at the Jamestown and Cloetesville Libraries and at the University Museum. . There were

30 – 40 children per class and at each venue three one-day workshops were presented: decorating a T-shirt, beadwork and making a birthday calendar with the Spekboom as inspiration. The Municipality donated a Spekboom to each child to plant. The presenters were the art teachers, Margot de Kock, Naomi Smit en Corlie de Kock. It was very popular as in previous years and the librarians have already requested a follow-up.

'n Verdere hoogtepunt was, soos altyd, die jaarlikse ledeuitstalling waar 46 kunstenaars 72 kunswerke uitgestal het. Dit het op 7 – 21 Oktober 2015 by Oude Libertas Kunsgalery onder die kuratorskap van Laura Jonck en Ulrich Wolff plaasgevind. Die openingspreker tydens die geleentheid was Francé Beyers. Die Vereniging bedank graag die borg, Distell.

As kommunikasie-medium gebruik die Vereniging primêr e-pos nuusbriewe aan lede. Alle aktiwiteite word op die webwerf en die Facebook-bladsye gekommunikeer. Die Teenwoordigheid van die Vereniging op Sosiale Media netwerke het vanjaar gesorg vir wyer blootstelling en meer effektiewe kommunikasie tussen huidige lede sowel as blootstelling aan die breë kunsgemeenskap.

FACEBOOK:
Die Facebook blad is 7 Maart 2014 begin.

- 7 Maart 2015 het ons 207 `likes` gehad
- Vandag (17 Maart 2016) het ons 426 `likes`
- Van bogenoemde 426 is
    - 390 van SA
    - 6 van Namibië
    - die res van N-Amerika en Europa
    - 183 sê hulle is van Kaapstad
    - 83 van Stellenbosch
    - 72% is vrouens
    - 27% mans

Die finansiële state van die Vereniging is deur Bernard Shaw Ouditeure nagegaan en in orde gevind. Na 'n vinnige groei in die beginjare van die vereniging, bly ons ledetal konstant en het aan die einde van 2015 op ongeveer 316 lede gestaan.

Die hoofborg van die Vereniging wat dit mootlik maak om die genoemde projekte en die administratiewe take van die Kunsvereniging te behartig en om lede van die gemeenskap en kinders te borg om werkswinkels by te woon, is Het Jan Marais Nationale Fonds. Die vereniging se opregte dank gaan aan die Fonds. Ons bedank ook ons ander borge, nl die Rupert Stigting, Distell en Unistat.

Die Waarnemende Voorsitters dank die Uitvoerende Komitee vir hulle onbaatsugtige bydraes en diens aan die Vereniging, asook die Stellenbosch Universiteitsmuseum.en die Kunssentrum PJ Olivier vir hulle gewaardeerde samewerking en ondersteuning.

Francé Beyers
Voorsitter — Chairperson
Kunsvereniging Stellenbosch — Arts Association Stellenbosch